

## Die Slag van Andringastraat

Deur die loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is oproer deur studente niks vreemds nie. Veral gedurende 1976 en die daaropvolgende 14 jaar was studenteprotes teen apartheid op verskeie Engelstalige kampusse, asook by die Universiteit van die Wes-Kaap, 'n gereelde verskynsel. Hierdie protes was teen 'n onderdrukkende stelsel gemik en is dikwels gewelddadig deur die owerhede onderdruk.

Die Universiteit van Stellenbosch is nie deur sodanige opstande gekenmerk nie. Die meeste studente het die destydse heersende Nasionale Party ondersteun en selfs vir andersdenkendes was openlike protes en gereelde politieke optogte nie deel van die studentekultuur nie. Die naaste wat Stellenbosch aan straatprotes gekom het, was toe sommige studente beswaar gemaak het teen die verbanning van die anti-apartheidmusiekbeweging Voëlvry van die kampus in 1989.

Tog was daar 49 jaar vantevore – in die winter van 1940 – 'n woede-uitbarsting onder sekere studente wat tot gewelddadige onlus naby die destydse kampus gelei het. Die teiken was nie die universiteitsowerhede of die staat direk nie, maar mede-inwoners van die dorp wat as bruin of in die terminologie van die tyd as “Kleurlinge” gekategoriseer is. Wat as die “Slag van Andringastraat” bestempel is, is in gesuiwerde weergawes van die universiteit se geskiedenis óf doodgeswyg óf vergoeilik. Dit het nooit deel van die algemene geskiedsbewussyn van en oor die universiteit gevorm nie. Eers in 2005, 11 jaar ná die politieke oorgang van 1994 in Suid-Afrika, in 'n tyd toe daar oor vele voorveronderstellings herbesin is, is die insident herontdek. Die onverkwiklikhede van die gebeure het toe in die vorm van publikasies in die visier gekom en is strak omlyn. Dit wat lank versweë gebly het, het nou vir die eerste keer meer prominensie geniet.

### Wat het gebeur?

Op die aand van Saterdag 27 Julie 1940 was 'n aantal Stellenbosse studente met bruin inwoners van die dorp in 'n bakleiery naby die hoek van Andringa- en Pleinstraat gewikkel. Bruin en wit het voor 'n kafee (Senitzky's) saamgedrom om die laaituitgawe van die *Cape Argus* te koop. Wedersydse beskuldigings dat individue in die tou sou indruk of hulle sou wangedra het, het daartoe gelei dat sommige handgemeen geraak het. Die gemoedere het opgevlam en dit wil voorkom asof sekere studente met voorbedagte rade bruin mense aangerand het. 'n Klipgooiery het gevolg en gebreekte betonklip wat gebruik is met die bou van die stadsaal is as “missiele” aangewend. Die gevegte het in Andringastraat uitgekring. Een waarnemer het dit beskryf as 'n “wolwetrop” van studente wat in 'n “verontwaardigde agtervolging” die straat afgehardloop het om “gemeenskaplik te jag”.

Ná die eerste botsing was daar vir 'n wyle stilte. Maar daar het weer 'n uitbarsting plaasgevind toe 'n privaat koshuis, Protea, se vensters deur bruin mense uitgegooi is. Hulle was onder die indruk dat studente wat by die kafee moles gemaak het, in die koshuis gebly het. Studente van Protea het hulle na hul makkers in Dagbreek vir hulp gewend en sowat 100 inwoners van dié koshuis het aan die oproep gehoor gegee. 'n Klipgooiery het weer uitgebreek en studente het in die bruin woonbuurt ingevaar en amok gemaak deur na willekeur bruin gesinne aan te rand. Die situasie is eers beredder toe 'n polisiemag met versterkings van die Kaap, Paarl en Kuilsrivier opgedaag het.

Die daaropvolgende Sondag was dit stil tot omstreeks die middaguur toe daar weer 'n botsing uitgebreek het nadat 'n huis in Crozierstraat met klippe bestook is en 'n groot skare in Andringastraat saamgedrom het. Gebeure van die vorige dag is met groter intensiteit herhaal, met onder andere studente van Dagbreek wat vasbeslote was om die bruin mense “'n les te leer”. Die studente is later as 'n “wit jeugdige gespuis” beskryf en die polisie was hierdie keer onderbeman en nie in staat om die twee groepe in toom te hou nie. Die optrede van die bruin mense het volgens die studente strawwe vergelding geverg. Hulle het nie slegs die bruin skare aangeval nie, maar ook die huise binnegedring van mense wat niks met die botsings te doen gehad het nie. Breekgoed en glase is stukkend gegooi en meubels en radiostelle is vernietig. In een geval het 'n student leedvermakerig vir 'n inwoner gesê nadat hy die radiostel – die trots van die huis – met 'n byl gekap het: “Nou het jy twee.”

Niks en niemand is ontsien nie. Selfs 'n gerespekteerde persoon soos die bouer Boetie Kannemeyer wat wye aansien onder bruin sowel as wit inwoners geniet het, moes deurloop. Dié gesin wie se huis op die perseel was waar die huidige Letteregebou staan, het pas vir middagete aangesit toe die studente ingebars het. Sonder om te skroom het hulle die netjies gestyfte tafeldoek met al die disse en eetgerei afgetrek.

Asof dit nie genoeg was nie, wil dit ook blyk dat hulle Kannemeyer se voertuig beskuldig het.

Die vernietiging het vanaf ongeveer 13:30 tot 16:30 geduur en is eers beëindig toe polisieversterkings opgedaag het en die rektor, prof RW Wilcocks, tussenbeide getree het.

### **Waarom het dit gebeur?**

Die gebeure wat in Andringastraat afgespeel het, het verwyderde en onderliggende sowel as meer onmiddellike en direkte oorsake gehad.

Die laat dertigerjare in Suid-Afrika is gekenmerk deur opwellende Afrikanernasionalisme. Dit het uiting gevind in en is terselfdertyd aangewakker deur gebeure soos die 1938 Groot Trek Eeufees-vieringe. Die vieringe het die vorm aangeneem van nege ossewaens wat vanaf Kaapstad deur die land getrek het. Die waens het by talle dorpe aangedoen waar hulle hartlik deur die wit inwoners ontvang is. Die vieringe, wat al beskryf is as ongeëwenaarde politieke en kulturele drama, het 'n oorkoepelende boodskap van hulde aan die 19de-eeuse Voortrekkers en 'n verheerliking van hulle daad uitgedra. Onderliggend hieraan was die boodskap dat die land eintlik aan die nasate van die Voortrekkers behoort en dat Afrikaners se heil sou lê in die eksklusiewe uitbouing van wat as hulle erfporse beskou kon word. Dit het selfgeding op verskillende terreine, politiek sowel as kultureel en sosiaal, behels. Uit die Ossewatrek het die Ossewa-Brandwag gespruit, 'n organisasie wat sonder skroom by tye simpatiek teenoor radikale optrede gestaan het. Ook op Stellenbosch het die Ossewa-Brandwag 'n aanhang onder studente gehad. Een deelnemer aan die gevegte in Andringastraat het selfs sover gegaan om te sê: "Die hele spulletjie het uit die Ossewa-Brandwag gebore geraak."

Hierbenewens was daar ook op die dorp 'n toenemend onverdraagsame gesindheid teenoor bruin mense wat ten dele in die formele politiek geanker was. In die Kaapprovinsie het bruin mense tot 1956 die stemreg gehad mits hulle aan sekere eiendoms- en opvoedingskwalifikasies voldoen het. Op Stellenbosch het die gedagte onder sommige Afrikaners posgevat dat die plaaslike Nasionale Party se naelskraapse nederlaag teen die Verenigde Party by die stembus in die 1938-verkiezing toegeskryf kon word aan die bruin mense op die dorp wat teen die Nasionale Party gestem het. Die Nasionale Party het hulle beywer vir die verwydering van bruin mense van die gesamentlike kieserslys en openlik rassegevoelens aangewakker. Hierdie orkestrering van 'n negatiewe gesindheid teenoor bruin mense sou ongetwyfeld onder die studente weerklank vind. In 'n toenemende mate het studente gedurende hierdie tyd hulle by 'n eksklusiewe vorm van nasionalisme geskaar. In die breë het daar dan 'n stemming geheers, onder meer gebaseer op die aanname dat as bruin mense nie volledige regte behoort te hê nie, hulle ook 'n verskraalde status in die dorp behoort te geniet. Hierteenoor kan ook geredeneer word dat onder die bruin mense 'n toenemende wrewel teen dié houding begin posvat het. Tydens die 1938-verkiezing is hulle reeds deur politici aangemoedig om hulle burgerregte te gebruik. Daar was dus kort voor die gebeure in Andringastraat magte en kragte aan die broei onder wit sowel as bruin wat onder bepaalde omstandighede tot uitbarsting kon kom.

'n Verbandhoudende en belangrike faktor was die weersin onder sommige Afrikaners dat die regering van generaal JC Smuts Suid-Afrika by die Tweede Wêreldoorlog teen Duitsland betrek het. Hierdie houding het in 1940 uiting gevind in die praktyk van sekere Stellenbosse studente om Kaapstad toe te gaan en dan die kort middaguurbidpouse vir die oorlog te ontwig. Dit was juis by so 'n geleentheid dat van die studente hulle op 27 Julie 1940 in soldate vasgeloop het en in huisgevegte in Adderleystraat betrokke geraak het. Dit was een van die onmiddellike oorsake van wat later op Stellenbosch sou gebeur. Die studente het strawwe teenstand van die soldate gekry en na Stellenbosch vertrek. Terug op die dorp het hulle hulle wonde gelek, 'n bier of twee gedrink en hulle toe by die tou op die hoek van Andringastraat gaan voeg om die *Cape Argus* te koop. Van dié studente wat in Kaapstad was, was ook van die belhamels in die gevegte wat toe in die dorp uitbreek het.

Dit was dan 'n kombinasie van faktore wat 'n rol gespeel het in seker die mees dramatiese rasse-botsing wat die dorp in sy lang geskiedenis beleef het. Dit was 'n botsing wat bewys gelewer het dat die patroon van rasseverhoudinge wat oor die algemeen binne 'n paternalistiese raamwerk geplaas kan word, onder sekere omstandighede nie 'n voldoende bolwerk gevorm het om wedersydse spanning te hanteer nie.

### **"Vrede van Andringastraat"**

Ná die gebeure was daar 'n besef by beide 'n komitee wat die bruin inwoners saamgestel het en die universiteitsowerhede dat die saak uitgepluis moes word en dat skadevergoeding aan die orde van die dag sou moes wees. Die saak het egter lank gesloer totdat daar in Desember 1940 *ex gratia*-betalings gemaak is aan sekere persone wat verliese gely het. 'n Beperkte bedrag is uitbetaal en dit is twyfelagtig of dit werklik alle verliese gedek het.

Hoewel die universiteit met dié uitbetalings die saak as afgehandel beskou het, is daar nie deeglik oor die breër sosiopolitieke erns van die kwessie besin nie. Selfondersoek van sodanige aard was nog nie deel van 'n universiteitskultuur nie. Die gebeure was egter in retrospek 'n voorafskaduwing van die meer onversetlike houding wat teenoor bruin mense ná die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 ingeneem is en wat bestem was om vele letsels oor 'n lang tyd te laat.

Geskiedenis is selde volledig verby en begrawe, veral in 'n land soos Suid-Afrika waar vanuit 'n immer veranderende hede nuwe vrae aan die verlede gevra word. En die "Slag van Andringastraat" wat vir lank nie deel van die amptelike Stellenbosse geskiedenis was nie, het na jare van bykanse vergetelheid weer in 2012 in die openbare bewussyn gefigureer. Studenteleiers van Dagbreek – 'n nuwe postapartheid-geslag – het onder die indruk gekom van die klad wat die gebeure van Julie 1940 gelaat het en dit gerade geag om verskoning te vra vir dit wat hulle voorgangers 72 jaar vantevore gedoen het. Dit was dan ook 'n geleentheid vir die huidige rektor, Prof Russel Botman, om die studenteleiers en lede van die bruin gemeenskap by sy huis te onthaal en die boodskap uit te dra dat die geskiedenis positief besweer kan word as die nalatenskap van die "Slag van Andringastraat" die "Vrede van Andringastraat" in 'n nuwe bedeling kan word.

## **BRONNE**

Biscombe, H (samesteller). *In ons bloed*, Sun Press, Stellenbosch, 2006.

*Die Burger*, 15 Desember 2012.

Giliomee, H. *Nog altyd hier gewees: Die storie van 'n Stellenbosse gemeenskap*, Tafelberg, Kaapstad, 2007

(Teks: Prof Albert Grundlingh)